



---

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE

---

# Keuringskriteria en -prosedure: 2026-inname

(Mees onlangs bygewerk op 28 Januarie 2025

*Die huidige aanlyn weergawe op die Fakulteitswebtuiste vervang alle vorige weergawes en is o  
slegs geldig vir die 2026-inname).*

Die Universiteitsraad stel sekere teikens vir die totale getal studente aan die Universiteit wat belyn is met die beginsels van akademiese uitnemendheid deur diversiteit en inklusiwiteit . Die fakulteite bestuur dan die keuring van voornemende voorgraadse studente om hierdie teikens te bereik en om te verseker dat die totale getal inskrywings binne die beskikbare kapasiteit val. Dit beteken dat daar studente is wat aan die minimum toelatingsvereistes van 'n gegewe program voldoen, maar nie gekeur word nie. Let dus noukeurig op die keuringskriteria wat in hierdie dokument uiteengesit word.

### 1. Aansoek- en keuringsprosedure

#### 1.1. Aansoeksluitingsdatums

Aansoeke sluit op 31 Julie van die jaar vóór die voorgenome studie begin. Aansoekers doen tipies met hul finale Graad 11-uitslae aansoek terwyl hulle in Graad 12 is, vir toelating die daaropvolgende jaar. Onthou dat studente wat reeds Graad 12 voltooi het, insluitend diegene wat van ander universiteite of ander US-fakulteite wil oorskakel, ook aansoek moet doen deur middel van die normale aansoekprosedure. Hulle is dus onderhewig aan die aansoeksluitingsdatum, minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria wat in hierdie dokument en in die Fakulteitsjaarboek uiteengesit word.

## 1.2. Voorwaardelike aanbiedinge

Indien aansoekers in Graad 12 aansoek doen, word hul finale Graad 11-uitslae gebruik om te besluit of hulle vir 'n voorwaardelike aanbod kwalifiseer. Die Fakulteit sal voorwaardelike aanbiedinge maak aan aansoekers wat aan die *minimum toelatingsvereistes* EN die *keuringskriteria* voldoen van die program waarvoor hulle aansoek doen. (Verwys na Tabel 1.)

Die voorwaardelike aanbod (*conditional offer*) moet deur die aansoeker aanvaar word en sal verval indien dit nie betyds aanvaar word nie. Slegs aansoekers wat voorwaardelike aanbiedinge aanvaar het, sal oorweeg word vir finale aanbiedinge (*final offer*). Sodra die voorwaardelike aanbod aanvaar is, sal die aansoeker se status na "finale aanbod hangend" (*final offer ending*) verander en die aansoeker se status sal voorlopig so bly.

## 1.3. Finale aanbiedinge

Finale aanbiedinge word slegs gemaak nadat die finale Graad 12-uitslae van die aansoekers vrygestel is, maw in Januarie van die daaropvolgende jaar wat ook dieselfde jaar is waarin die studie in aanvang sal neem. **Aansoekers sal slegs 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae aan die *minimum toelatingsvereistes* EN die *keuringskriteria* voldoen van die program waarvoor hulle 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het.** Indien 'n finale aanbod gemaak is, sal die aansoeker se status verander van "finale aanbod hangend" (*final offer pending*) na "finale aanbod gemaak" (*final offer issued*). Sodra die finale Graad 12-uitslae vrygestel is, kan aansoekers die aansoekportaal dop te hou om seker te maak hulle kan die finale aanbod betyds aanvaar.

Voornemende studente wat reeds Graad 12 voltooi het wanneer hulle *aansoek* doen, se finale Graad 12-uitslae word gebruik om hul toelatingstatus te bepaal. Indien hulle aan die *minimum toelatingsvereistes* EN die *keuringskriteria* voldoen aan die program waarvoor hulle aansoek gedoen het, sal hulle 'n finale aanbod ontvang. Hierdie aansoekers sal dus nie 'n voorwaardelike aanbod ontvang nie, maar sal dadelik 'n finale aanbod ontvang.

Aansoekers moet die finale aanbod aanvaar voordat dit verval. Let daarop dat die tydperk totdat die aanbod verval, relatief kort is om die Fakulteit in staat te stel om die inskrywingsgetalle te bestuur.

#### **1.4. Waglyste**

Dit is moontlik dat jou status as "waglys" aangedui word. Dié status is tydelik terwyl die Fakulteit die spesifieke aansoekerspoel evalueer. Studente wat aan die *minimum toelatingsvereistes* van 'n program voldoen maar nie aan die *keuringskriteria* nie, soos aangedui in Tabel 1, se status sal tipies as "waglys" aangedui word. Gewoonlik sal hierdie studente tot die einde van Oktober in 'n aansoekjaar moet wag voordat hul status bygewerk word tot óf "voorwaardelike aanbod" of "onsuksesvol".

## **2. Minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria**

### **2.1. Nasionale Senior Sertifikaat en kwalifikasies van ander eksamenrade**

Hierdie dokument verwys in die algemeen na die uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS). Die keuringsprosedure is egter ook van toepassing op studente wat 'n internasionale kurrikulum voltooi het, soos *Cambridge*, *International Baccalaureate Higher Level* en *American High School Diploma*. Die Internasionale Kantoor van die Universiteit Stellenbosch skakel die uitslae van internasionale en ander kurrikula om tot die ekwivalent van die Suid-Afrikaanse Nasionale Senior Sertifikaat, en die fakulteit gebruik die verwerkte punte in toelatings- en keuringsprosesse. Punte behaal vir die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) is gelykstaande aan punte behaal vir die Nasionale Senior Sertifikaat. IEB-punte kan dus in plaas van NSS-punte gebruik word.

In Tabel 1 is die gemiddelde punt wat behaal word, gebaseer op die ses beste Graad 12-vakke, uitgesluit Lewensoriëntering.

### **2.2. Hoe die keuringskriteria bepaal en toegepas word**

Om 'n voorwaardelike en/of finale aanbod te ontvang, moet 'n voornemende student altyd aan die *minimum toelatingsvereistes* EN die *keuringskriteria* voldoen, soos uiteengesit in Tabel 1. Die keuringskriteria word jaarliks aangepas vir die inname van daardie spesifieke jaar en hang van die

samestelling van die aansoekerspoel af. Die keuringskriteria kan beskou word as die hoogste/strengste kriteria wat gebruik sal word om besluite te neem oor finale aanbiedinge vir 2026-aansoekers. Dit is moontlik dat die keuringskriteria later in die jaar verlaag kan word weens die samestelling van die aansoekerspoel, maar dit sal nooit verlaag word tot onder die minimum toelatingsvereistes van programme nie. Indien die keuringskriteria vir die 2026-aansoekers, soos aangedui in Tabel 1, verlaag word, sal hierdie dokument dienoreenkomstig aangepas word.

Indien die fakulteit tydens die finale aanbod fase van die proses nog nie sy totale inskrywings- en diversiteitsteikens bereik het nie, sal daar eerstens gekyk word na studente uit die diversiteits groepe, deur die seleksie kriteria vir hierdie studente te verlaag. As die totale teiken daarna nog steeds nie bereik is nie, sal dit vir die hele aansoekpoel verlaag word. Hou ingedagte dat die seleksie kriteria nooit laer as die minimumvereistes verlaag sal word nie.

#### **1.4. Artikulasie/oorskakeling tussen programme van die fakulteit**

Studente wat geregistreer is vir programme in die fakulteit moet die volgende in ag neem indien hul van program wil verander (artikuleer) in latere jare:

- a. Geen artikulasie word toegelaat gedurende 'n akademiese jaar nie.
- b. Indien 'n student wil artikuleer na 'n program met 'n **hoër** minimum vereiste en seleksie kriteria as die program waarvoor hul ingeskryf is, moet aan die volgende voldoen:
  - Moet steeds voldoen aan die minimum vereistes van die nuwe program met hul amptelike matriekpunte, maar hoef nie te voldoen aan die seleksie kriteria nie EN
  - Moet al die modules geslaag het van die huidige jaar se studies.
  - Addisionele vereistes bestaan vir die volgende programme: BCom(Aktuariële Wetenskappe), BRekeningkunde en Verlengde Kurrikulum program. Kontak die programleier of department van hierdie programme vir meer inligting.
- c. Indien 'n student wil artikuleer na 'n program met 'n **laer** minimum vereiste en seleksie kriteria as die program waarvoor hul ingeskryf is, moet aan die volgende voldoen word:
  - Moet steeds voldoen aan die minimum vereistes van die nuwe program met hul amptelike matriekpunte, EN

- Moet toestemming hê om binne die SU en Fakulteit voort te gaan met studies. Maw stduente wat minder as 50% van hul module krediete geslaag het, word nie hertoegelaat tot die SU vir studies nie, en sal dus ook nie kan artikuleer na 'n ander program nie.

### **1.5. Addisionele kriteria vir aansoekers wat oorskakel**

Alle aansoekers wat van 'n ander fakulteit of universiteit na die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wil oorskakel, sal op 'n waglys geplaas word totdat hul finale uitslae en gedragsrekords beskikbaar is. Die keuringsvereistes wat in Tabel 1 aangedui word, sal ook op hierdie aansoekers van toepassing wees. Daarbenewens sal die volgende in aanmerking geneem word:

- A. Aansoekers moet 'n goeie gedragsrekord van die vorige instansie indien.
- B. Indien 'n aansoeker akademies uitgesluit is by 'n ander instansie of by 'n ander fakulteit van die Universiteit Stellenbosch, moet die aansoeker deur middel van die hertoelatingsproses aansoek doen.
- C. Aansoekers moes minstens 70% van die krediete geslaag het waarvoor hulle voorheen geregistreer was.



Aansoekers wat met hul Graad 11-uitslae aansoek doen, moet aan die minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria voldoen met beide hul Graad 11- en Graad 12-uitslae. Aansoekers wat met hul Graad 12-uitslae aansoek doen, moet aan die minimum toelatingsvereistes én keuringskriteria voldoen met hul Graad 12-uitslae.

**TABEL 1: Opsomming van toelatingsvereistes en keuringskriteria**

<b>Program</b>	<b>Minimum toelatingsvereistes</b>	<b>Keuringskriteria</b>
BCom (Bestuurswetenskappe) BCom (Ekonomiese Wetenskappe) BCom (Bedryfsielkunde) BCom (Finansiële Rekeningkunde) BCom (Bestuursrekeningkunde)	NSS-gemiddelde 65% Wiskunde 60% Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*  <i>BCom (Ekonomiese Wetenskappe) vereis 70% vir Wiskunde vir beide die fokusareas Ekonometrie en Finansiële Sektor.</i>	NSS-gemiddelde 70% Wiskunde 63%
BCom (Wiskundige Wetenskappe)	NSS-gemiddelde 70% Wiskunde 75% Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*	NSS-gemiddelde 75% Wiskunde 80%
BRek	NSS-gemiddelde 70% Wiskunde 70% OF (Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70%) Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*	NSS-gemiddelde 75% Wiskunde 75% (of, indien Wiskunde 70% – 74% is, moet Rekeningkunde 75% wees)
BDatWet (BDatSci)	NSS-gemiddelde 80% Wiskunde 80% Engels of Afrikaans Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Addisionele Taal 75%	Geen addisionele keuringskriteria nie

BCom (Internasionale Besigheid)	NSS-gemiddelde 80% Wiskunde 70% Engels Huistaal 70% OF Engels Eerste Addisionele Taal 80%	NSS-gemiddelde 85% Wiskunde 75%
BCom (Aktuariële Wetenskap)	NSS-gemiddelde 80% Wiskunde 80% Huistaal 60% (Indien Engels nie die huistaal is nie; dan Engels Eerste Addisionele Taal 75%.)	NSS-gemiddelde 85% Wiskunde 85%
BCom (Bestuurswetenskappe)-VKP (Verlengde- kurrikulumprogram)	NSS-gemiddelde 60% Wiskunde 50% Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*	Sosio-ekonomiese Status (SES) <sup>1</sup> van 2 of meer
BCom (Regseleerdheid), BRekLLB	Die keuring vir hierdie programme word deur die Fakulteit Regseleerdheid behartig en word dus nie in hierdie dokument bespreek nie. Vir verdere inligting, raadpleeg asb. die Fakulteit Regseleerdheid se webblad by <a href="https://blogs.sun.ac.za/law">https://blogs.sun.ac.za/law</a> .	

**\*Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes:**

- Engels Huistaal 50% of
- Afrikaans Huistaal 50% of
- Engels Eerste Addisionele Taal 70% of
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%.

<sup>1</sup> Sosio-ekonomiese Status (SES) weerspieël die huidige sosio-ekonomiese benadeling wat 'n aansoeker te bowe moes kom. Die SES-faktor word bepaal deur inligting wat gedurende die aansoekproses verskaf word en neem drie faktore in ag: opvoedkundige en ekonomiese benadeling en eerstegenerasiestudentestatus.